Beat TB Klop TB

Nuus oor die stryd teen TB | News about the fight against TB

MAART 2016

TB drama kom na die Worcester Paasfees

Foto: Fabio Julies

Lienkie se Longe, 'n plaaslik ontwikkelde drama, word opgevoer vanaf 22-24 Maart 2016 in en rondom Worcester en sal op Maandag 28 Maart by die Worcester Paasbasaar opgevoer word.

SIEN BLADSY 2

Neem deel aan fokusgroep om Lienkie se Longedrama te evalueer

Geskiedenis van Wêreld Tuberkulosedag

Bladsy 4



Buddy leer kinders oor TB by Brewelskloof Hospitaal

Bladsy 4

T-Bucks Aansporingsprogram werp eerste vrugte af

Bladsy 2

LIENKIE SE LONGE AT THE: WORCESTER EASTER BAZAAR

PERFORMANCE SCHEDULE

8h00	AME Church, Worcester
9h00	Emanuel Church, Worcester
10h00	Oefenskool, Worcester
11h00	AME Church, Worcester
12h00	Emmanuel Church, Worcester
13h00	Oefenskool, Worcester

Monday 28 March 2016

BEAT TB DRAMAOPVOERING

Beat TB

Foto: Fabio Julies

Lienkie se Longe, 'n plaaslik ontwikkelde drama wat oor tuberkulose handel, sal tydens die Worcester Paasnaweekfees opgevoer word.

Die drama, wat deur plaaslike akteurs opgevoer word onder leiding van Dr. Veronica Baxter van die Universiteit Kaapstad se Dramaskool, vertel die storie van Lienkie, wie se longe 'n gesprek met mekaar voer oor hul gesondheid en die gesondheid van Lienkie se kêrel.
Volgens Dr. Michele Tameris (SATVI), wie se breinkind die drama was, is tuberkulose steeds 'n groot probleem in die Worcester-gebied, en wil hulle met die drama mense kry om dieper te dink oor hoe om TB te voorkom en wat om te doen sou hulle TB opdoen.

In aanloop tot die Worcester Paasnaweek Fees, sal die drama regdeur die streek by landelike klinieke so wyd as McGregor, Robertson en Bonnievale opgevoer word deur die dramagroep.
Die drama-opvoering is moontlik gemaak deur 'n toekenning van die Wellcome Trust, 'n internasionale nie-regeringsorganisasie gebaseer in Engeland. Vir meer inligting oor die drama kontak SATVI by 023 346 5400.

FOKUS OP EMPILISWENI KLINIEK

Kliniek ontwikkel stelsel om pasiënte op hul TB- behandeling te hou

Suster Elsie Engelbrecht, hoof van Empilisweni Kliniek in Worcester.

Mev. Theresa Sizani , 'n deelnemer aan die T-Bucks program wat ook haar TB behandeling suksesvol voltooi het.

Op Dinsdag 15 Maart 2016 het die personeel en pasiënte van Empilisweni Kliniek 'n optog gehou deur Zwelethemba (Worcester) om die gemeenskap bewus te maak van tuberkulose.

Ons het gaan inloer by *Suster Elsie Engelbrecht*, hoof van die Empilisweni Kliniek in Zwelethemba, Worcester om met haar te gesels oor die "Empi T-Bucks" projek wat hulle begin het om pasiënte aan te spoor om hul TB- behandeling te voltooi.

Hulle het aanvanklik begin met toebroodjies wat die kliniek personeel uit hul eie sak gekoop het sodat pasiënte ten minste iets kon kry om saam met hul TB medikasie te neem. Hulle het later befondsing bekom en tans skenk 'n plaaslike tandarts, *Dr. Eugene Moore* weekliks die toebroodjie-bestanddele aan die kliniek.

Hoe werk die T-Bucks-projek?

Volgens *Mev. Theresa Sizani,* 'n TB-pasiënt by Empilisweni Kliniek, het haar "behandeling 6 maande gevat nadat ek met TB op die brein gediagnoseer was. Die T-Bucks-projek het my baie gehelp om my behandeling te voltooi".
Die program werk op 'n puntestelsel en vir elke mylpaal wat 'n pasiënt behaal, soos byvoorbeeld 'n kliniekbesoek, 'n beradingsessie, of 'n sputum-omskakeling, kry hy/sy 'n punt. Op verskillende mylpale kry die deelnemer verskillende aansporings, soos byvoorbeeld 'n sak suiker of broodmeel. Wanneer die deelnemer die behandeling voltooi kry hulle hul laaste aansporing.

Die Beat TB Dramagroep in aksie by Empilisweni Kliniek, Worcester



Dokter Veronica Baxter met die Mothertongue Dramagroep wat bestaan uit akteurs vvan McGregor en Worcester.

Verpleegassistent Mev Leneu tydens opvoering by Rawsonville.

Opvoering by Rawsonville Kliniek.

Wil jy deelneem aan ‘n fokusgroep om die Lienkie se Longe Drama te evalueer?	As jy die drama-opvoering gesien het kan jy deelneem aan ‘n fokusgroep om die drama te evalueer. **Onthou, jy moet die drama sien om aan die groep te kan deelneem. Vir meer inligting skakel 0800212785.**

TB kan geklop word!

Op Dinsdag 15 Maart 2016 het die Empilisweni Kliniek erkenning gegee aan pasiënte wat aan die TBucksprogram deelgeneem het. Van Links na regs is Mnr. Willem Olivier (Provinsiale Gesondheid); Mnr. James Kruger (Provinsiale Gesondheid); Mej. Thabisa Mvandaba (TB pasiënt) en Mev. Marwou de Kock (SATVI).



Source: ***Western Cape Government Department Health-Cape Winelands***

NEWS: Boland Community Research Advisory Board

The Boland Research Community Advisory Board was established to advise research organisations on enrolling participants, managing potential conflicts and ensuring that the intention of research organisations are clearly relayed to the communities. The CAB serves as advisory structure to the South African Tuberculosis Vaccine Initiative and the University of Stellenbosch-Ukwanda Rural Health Centre.

Voedselsekuriteitprojek kom vir Zwelethemba op Wêreld Tuberkulosedag

Foto: John Bulani

Die *Inkwenkwezi Gemeenskapsontwikkelingsprojek* gaan op Wêreld Tuberkulosedag die *Khulisa Groente en Kwekery Gemeenskapsprojek* loods in Zwelethemba in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Polisiediens, Kaapse Natuurbewaring, departement landbou en die Breedevallei Munisipaliteit,

Volgens *Pumza Zotwana,* projekkoördineerder en dryfveer agter die projek, het hulle met die projek begin met die doel om die hoë uitsaksyfer (dropout rate) vir TB-pasiënte aan te spreek deur hulle 'n projek te gee waarmee hulle hul eie voedsel kan verbou, en op die langer duur om 'n kwekery daar te stel wat inheemse bome in en rondom Worcester sal plant.

Die tuin sal onderhou word deur werklose TB-pasiënte met die doel om langtermyn werksgeleenthede te skep asook om hulle basiese tuinmaakvaardighede te leer.

Geskiedenis van Wêreld Tuberkulosedag

END TB
WORLD TB DAY MARCH 24

Ons vier jaarliks Wêreld Tuberkulosedag, maar hoeveel van ons weet waar die dag vandaan kom?

Op 24 Maart 1882 het **dr. Robert Koch** die *Mycobacterium tuberculosis* ontdek, die kiem wat tuberkulose veroorsaaak. Op hierdie tydstip in die geskiedenis (1882) het die TB-kiem bykans een uit elke sewe mense in Amerika and Europa dood-gemaak. Dr. Koch se ontdekking van die oorsaak van TB was een van die belangrike stappe wat geneem is in die rigting om TB te beheer en om die siekte uit te wis. Op daardie stadium het daar nog baie bygelowe bestaan oor TB, soos byvoorbeeld dat dit oorerflik is en dat net arm mense van TB siek geraak het.

In 1982, 'n eeu na dr. Koch se ontdekking, het die **Wêreld Gesondheidsorganisasie** *(World Health Organisation)* en die **Internasionale Unie teen Tuberkulose and Longsiekte**, die eerste Wêreld Tuberkulosedag gevier.

Buddy – A friend for kids with TB

Brewelskloof TB Hospital in Worcester, together with partners USAID TB CareII, recently introduced a new character, called Buddy, aimed at helping children to recover.
TB in children presents a few unique challenges. Besides the treatment period of up to two years in the event of Multi-Drug Resistant (MDR) TB, there is the real difficulty of children sometimes requiring long stays in hospital to ensure full adherence and recovery. Children are more susceptible to TB; furthermore more than half of children diagnosed with TB live or are in regular contact with an adult who has been diagnosed with TB. In South Africa TB remains one of the five leading causes of death in children under 15 (STATS SA, 2013).
The psychological effects on children being hospitalised, often far from their families, together with the often debilitating side effects of medication, makes treating TB not only unpleasant for children, but the experience has a profound effect on their emotional well-being.

A big hug for Buddy, from front moving anti-clock wise: Mario Jaars – 8 years; Jeveno Julies – 9 years; Jeandre Jacobs – 13years; Lutho Tatilana – 12 years and Buddy!

It is against this backdrop that USAID TB Care II Project South Africa, in partnership with Western Cape Government Health, developed a "TB Character" known as Buddy Beat TB (commonly known as Buddy) that will serve as a companion to paediatric patients through the treatment journey. This partnership seeks to improve patient adherence and treatment outcomes in child TB patients. Buddy, is a cat born in the 'hospital' that acts as a companion to children. Through a well-researched programme, Buddy promotes understanding of the illness, helps small patients express their worries and assists children in becoming more at ease in the hospital surroundings.
The fact that the children at Brewelskloof TB Hospital were involved in the development of the character makes this initiative more special.

Children at Worcester's Brewelskloof TB Hospital, which accommodates 64 children with TB at a time, were the first to be officially introduced to Buddy. Their absolute delight at meeting the character himself was evidenced in their happy faces and their willingness to partake in all the fun activities that took place.

END TB
WORLD TB DAY MARCH 24

Gedruk en uitgegee deur South African Tuberculosis Vaccine Initiative- Tel (023) 346 5400